

Tom McLachlan – taaladviseur by uitstek

Die Akademiesraad betuig graag hiermee dank en erkentlikheid teenoor mnr. Tom McLachlan vir sy uitnemende bydrae as taaladviseur van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW) die afgelope jare. Soos blyk uit die groetwoord van die vorige redakteur, Ina Wolfaardt-Gräbe in die Junienommer het sy deurlopende taaladvies beslissend bygedra tot die opgang van die TGW as 'n gesogte en gerespekteerde afsetpunt vir navorsing in Afrikaans, waardeur 'n kernuitgangspunt van die TGW verwezenlik kon word, naamlik dat gesofistikeerde navorsing professionele taalversorging regverdig. Vir die Akademiesraad is dit belangrik dat daardeur terselfdertyd gestand gedoen is aan een van die hoofdoelwitte van die Akademie, naamlik die uitbouing van Afrikaans as wetenskapstaal, oftewel die handhawing van Afrikaans in een van sy hoëvlakfunksies.

Anders gestel: helder formulering is 'n sine qua non vir die oortuigingskrag van akademiese diskoers. Dit is dan veral op hierdie vlak waar Tom McLachlan se besonderse bydrae tot die opgang van die TGW merkbaar word. Sodanige bydrae is des te merkwaardiger as in ag geneem word dat dit kon geskied ten spyte van nie net die volgehoue druk op Afrikaans as wetenskapstaal nie, maar dat dit terselfdertyd rekening moes hou met toenemende kommer oor die *gehalte* van Wetenskapsafrikaans.

Tom McLachlan het hierdie probleem reeds in 2013 raak opgesom in 'n artikel met die veelseggende titel: “Moet 'n mens Engels ken om Afrikaans te verstaan?” waarin die agterstand in die ontwikkeling van Afrikaanse terminologie getipeer word as “die inkleding van wesenlik Engelse segswyses in Afrikaanse woorde, waardeur die skyn van Afrikaansheid gewek maar idiomatiese Afrikaans verdring word”. Volgens Ina Wolfaardt-Gräbe is Tom McLachlan juis weens sy standpuntinname in hierdie artikel genooi om as taaladviseur in die TGW-redaksie te dien.

Benewens die redakteur kon talle outeurs wie se tekste deur Tom taalversorg is, getuig van die waarde wat helder formulering vir die kommunikasie van gesofistikeerde navorsing inhou. Van besondere belang is hier ook Tom se bydrae tot die ontwikkeling van vakterminologie, oftewel 'n geskikte “vakjargon” in die woorde van 'n bekroonde outeur tydens ontvangs van 'n prys vir beste artikel in die TGW – hierdie outeur het trouens spesifiek verwys na Tom se hulp in sy pogings om 'n grondige vakregister vir die dissipline Middeleeuse filosofie in Afrikaans te vestig. Soos gestel in die groetwoord van Ina Wolfaardt-Gräbe in die Junienommer van die TGW verteenwoordig sodanige uitspraak “die beste moontlike uitkoms van gesofistikeerde navorsing wat gerugsteun word deur professionele taalversorging”.

Ten slotte: Die Akademiesraad neem met dank kennis dat Tom McLachlan steeds bereid is om op 'n ad hoc-basis die nuut aangestelde redakteur by te staan; voorts dat hy steeds beskikbaar is as taalversorger vir outeurs wat hulle artikels aan die TGW voorlê vir publikasie.

Dr. Annelise de Vries

Hoof- Uitvoerende Beampte

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns